

4 Junie Galasiërs 6:11 -18

(Teks: 6:15)

Net één ding wat tel

Dit kan net goed doen om 'n keer die hele gang van die Christelike lewe en kerklike aktiwiteite net daar halt te roep. En dan te vra: Waaroor gaan alles nou eintlik? Waarom gaan dit in huisgodsdienste en binnekamergodsdienste, in eredienste, gebede, kerklike besluite, gemeentelike ondernemings en organisasie, Christelike en kerklike publikasies, Christelike gesprekke en diskussies? Dit mag net wees dat 'n mens met ontnugtering agterkom: Ek mis die punt!

Paulus is in die Galasiërbrief byna raadop - ten minste ongelukkig - oor kerklidmate wat hulle opgewonde laat maak het oor dinge soos die noodsaaklikheid van besnydenis en ander seremonies. Hierdie dinge is nie van belang! Al wat vir God van belang is, is 'n nuwe skepping (NAV "dat jy 'n nuwe mens is"). God is besig om hierdie nuwe skepping 'n werklikheid te maak deur Christus se kruis en opstanding en deur die Heilige Gees. Die Galasiërs het al die doel van die Here met hulle begin mis toe hulle die roem in Christus se kruis agterweë begin laat het.

Die nuwe skepping in mense - al wat by die Here tel - word sigbaar waar die Here ons gedrag bepaal (5:25). Kyk net na die vrugte van die Gees, die vrugbare boord van sy nuwe skepping: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid... selfbeheersing (5:22, 23). Dit is wat regtig tel. Waar die "beginsel" van Christus, die Gees, die nuwe skepping geld, daal die seën van God se vrede en barmhartigheid.

Gaan staan stil. Word oorweldig deur die nuwe skepping in Christus.

Nou weet jy wat vir jou moet tel in jou eie lewe.

Sing Skrifberyming 43:5

Ds. AJ. du Plessis (Emeritus)